## HOOFSTUK XVI DIE HUIDIGE TOESTAND IN DIE ONDERWYS IN SUID-AFRIKA — ONDERSOEK VAN DIE PRAKTYK

### 1. Die doel van hierdie ondersoek

In die vorige hoofstuk is die historiese verloop geskets vir sover dit die onderwyswetgewing betref wat met Christelik-nasionale onderwysbeginsels te doen het. Daarin is duidelik aangetoon dat die onderwysowerhede vanweë hulle uitgangspunt nie die Christelik-nasionale onderwysbeginsels volledig kon implementeer nie. Hierdie uitgangspunt is naamlik om kinders van alle geloofsoortuigings wat in Suid-Afrika voorkom, in een skool saam te sluit solank hulle net aan dieselfde kleurgroep behoort en in dieselfde amptelike taal onderrig kan word. Die uitdruklike bedoeling hiermee was dat dit moet meehelp in die konsolidasie van die verskillende taalgroepe tot 'n volkseenheid.[1]) Ter wille hiervan moes toegewings gemaak word wat geloofsoortuiging betref. Dus, te oordele aan die wetsbepalings is daar heelwat ruimte vir verdere implementering van Christelik-nasionale onderwysbeginsels.

Die toestand in praktyk is nie noodwendig presies soos deur die wet beoog nie. In die vorige hoofstuk is reeds verkeie voorbeelde van afwykings van die wetsbepalings beskryf. Dit is dan nodig om 'n afsonderlike ondersoek in te stel na die voorkoms van Christelik-nasionale onderwys in skole in Suid-Afrika, sodat daaruit afgelei kan word in welke mate Christelik-nasionale onderwysbeginsels reeds geïmplementeer is en dus geen verdere voorstelle vir implementering nodig maak nie.

Die toepassing van Christelik-nasionale onderwysbeginsels in praktyk is 'n saak wat nie noukeurig in persentasies uitgedruk kan word nie. Dit gaan hier hoofsaaklik om die hart van die opvoeder en opvoedeling. En waar die resultate van 'n vraelys noodwendig in tabelle weergegee word waarin syfers gebruik word, beteken dit nog glad nie dat daardie syfers absoluut betroubaar is nie. Dit moet noodwendig veel meer 'n geval van onthulling van tendense wees. Antwoorde op vrae van dié aard wat verband hou met geestelike beginsels moet noodwendig deur diegene wat die antwoorde verstrek se lewensopvattinge beïnvloed word. Dit kan

---

1) Vgl. Pistorius, P. Gister en vandag in die opvoeding, p. 322 en Van der Schijff, W.G. Op. cit., p. 244-253

nie absoluut objektief verstrek word nie. Dit bly tot 'n groot mate 'n saak van persoonlike menings. Maar antwoorde van 'n aansienlike aantal persone kan nietemin tendense blootlê of selfs ondubbelsinnige aanduidings van sake van positiewe of negatiewe aard verskaf. Dit kan bv. aantoon watter Christelik-nasionale onderwysbeginsels min of geen vêrdere aandag nodig het wat die implementering in praktyk betref nie, en welke beslis aandag verdien of selfs as 'n nuwigheid in die onderwys ingebring moet word. En dit is wat met hierdie ondersoek beoog word.

Hier dien bygevoeg te word dat die benadering van die Engelsmedium=skole vanweë die tradisionele lewensbeskouing van die Britte, aansienlik verskil van dié van die Afrikaansmediumskole. In die laaste hoofstuk van hierdie werkstuk sal hierdie saak weer te berde gebring word. Die doel van hierdie hoofstuk is dan om eerstens die Afrikaansmediumskool, wat na bewering Christelik-nasionaal is, te ondersoek, en tweedens die anders=heid van die Engels georiënteerde skool in oënskou te neem.

Wanneer daar aan die einde van hierdie werkstuk aanbevelings gemaak word vir die verdere implementering van Christelik-nasionale onderwysbe=ginsels in Suid-Afrikaanse skole sal beide die wetgewing en die toestand in praktyk in die skole in aanmerking geneem moet word. So sal dit dan aanbevelings vir die wetgewer, administrateur en onderwyser wees.

## 2. Beplanning van die ondersoek van die toestande in Afrikaansmedium=skole

### (a) Inhoud van die vraelys

Dit sou onprakties wees om vrae oor al die aspekte, teoreties sowel as in praktyk, van Christelik-nasionale onderwys in te sluit. Dit sou noodwendig ook tot 'n uitgerekte en lomp vraelys lei. Daarom was dit nodig om noukeurig uitgesoekte punte, wat as verteenwoordigend van Christelik-nasionale onderwysbeginsels beskou kan word, op te neem en die res buite rekening te laat. Selfs in hierdie geval is daar nog die moontlikheid dat sommige punte, waaroor daar geen onsekerheid bestaan nie, weggelaat kan word.

Die vraelys is uiteindelik aan onderwyskollegestudente voorgelê.[2]) Om dan vas te stel welke vrae, hoewel belangrik genoeg om in die vrae=lys opgeneem te word, weggelaat kon word omdat daaroor geen onsekerheid bestaan nie, is daar mondelinge vrae gestel. So is gevind dat die volgende sake weggelaat kan word:

* Die gebruik dat predikante by besondere geleenthede besoeke aan

---

[2]) Motivering hiervoor op p. 250-251

skole bring, kom so algemeen voor dat daaroor nie 'n vraag nodig is nie.

* Op byna elke skoolkomitee of skool- of beheerraad het een of meer predikante sitting. In hierdie opsig kan daar beslis nie gekla word oor die samewerking tussen die predikant en die skool nie.

* Dit is vanselfsprekend dat sekere groot Bybelse beginsels in Godsdiensonderrig sigbaar moet word. Die beginsels wat (net soms![3]) verswyg word, is dié wat onaanneemlik vir andersdenkendes is. Daarom was dit nie nodig om in die vraelys navraag te doen na beklemtoning van Bybelse beginsels in Godsdiensonderrig nie.

* Gewyde sang is uitsluitlik bedoel om tot eer van God te strek. Daarom is dit nie nodig om daaroor navraag te doen nie. Op die finale vraelys kom wel die item Sang/Musiek voor. Dis nie bedoel vir gewyde sang nie, en studente wat die vraelys ingevul het, is dienooreenkomstig ingelig.

* Dit gebeur so algemeen dat onderwysers die nasionale belange van die leerlinge onder hulle aandag bring dat dit ook onnodig is om daaroor 'n vraag te stel. Dit is egter wel nodig bevind om navraag te doen oor die beklemtoning van die eer van God in hierdie verband.

* Waar daar navraag gedoen is in verband met jeugbewegings, is gevind dat die kerklike jeugbewegings wel hulle gewig getrek het. Die item Jeugbewegings op die vraelys is dan bedoel vir die Voortrekkers en soortgelyke verenigings. Hoewel dit nie so op die vraelys aangeteken is nie, is dit by die verduidelikings aan studente wel so gestel.

Die volgende punte is in die vraelys opgeneem en om die redes hieronder genoem:

<u>Punt 1: Naam van die skool</u>

Dit help die persoon wat die vraelys invul om gedurig net aan daardie spesifieke skool te dink. Indien meer as een vorm vir 'n spesifieke skool ingevul word deur verskillende studente, gee dit die ondersoeker die geleentheid om die antwoorde met mekaar te vergelyk.

<u>Provinsie waarin die skool geleë is</u>

Die ondersoek is uitgevoer aan 'n onderwyskollege in Transvaal, maar dit is bekend dat 'n aansienlike persentasie van die studente plattelanders is, terwyl 'n aantal studente uit die ander provinsies en selfs Suidwes-Afrika kom. Die studente is dan versoek om besonderhede vir skole buite Transvaal te verstrek vir so ver dit moontlik was.

---

[3]) In sommige leerboeke, bv. Van Wyk, J.H. e.a. Geloofsleer en sedeleer vir st. 10-leerlinge, word maar min verswyg!

Punt 2 Die klasse waarin die student in daardie skool was

Daaruit kan afgelei word of die antwoordë voldoende gewig dra op grond van 'n paar jaar se ondervinding en of die antwoorde nie betroubaar genoeg is nie omdat die student die skool net vir 'n kort rukkie besoek het. Verder kan hierdie gegewens die totale aantal skooljare aangee wat deur hierdie ondersoek betrek is. Dit kan ook aandui hoe verteenwoordigend die gegewens is, aangesien 'n klein aantal skooljare moontlik 'n baie onbetroubare beeld kan skep. Die klasse besoek dui ook aan of die skool 'n primêre of sekondêre skool is, sodat vasgestel kan word of daar nie te min primêre of sekondêre skole deur die ondersoek geraak is nie. Die ondersoeker was ook daarop voorbedag dat die verlangde gegewens nie op grond van ervaring in die junior primêre klasse alleen verskaf kan word nie.[4]

Punt 3 Die nastrewing van die Christelike opvoedingsdoel in sommige belangrike skoolvakke en buitebedrywighede wat as verteenwoordigend van die hele linie van skoolbedrywighede gesien kan word. Dit is eintlik die sentrale deel van die ondersoek omdat die gegewens daaruit verkry die duidelikste beeld van die reeds geïmplementeerde Christelik-nasionale onderwysbeginsels verskaf.

Punt 4 Die benadering van volksfeeste en ander sake van nasionale belang

Daar is spesifiek gevra of die gebeure hoofsaaklik tot eer van God gestrek het. Daarmee kan dan bepaal word of die nasionale aspek van die onderwys los van of geïntegreerd met die Christelike aspek gesien is.

Punt 5 Die samewerking tussen die ouers en die skool

Aan die studente is gevra om na te dink oor die huisbesoek deur onderwysers, besoeke van ouers aan die skool, oueraande en ander skoolfunksies, en persoonlike of telefoniese of skriftelike kontak tussen die ouers en die skool. Daar is egter bygevoeg dat slegs die kontak met die oog op die onderwys en opvoeding in ag geneem moes word. Die gegewens aldus ingesamel kan 'n duidelike beeld van die nastrewing van hierdie Christelik-nasionale ideaal verskaf.

Punt 6 Die samewerking tussen die student se kerk en die skool

---

4) Na die vraelyste ingevul en terugbesorg is, is gevind dat geen student 'n bepaalde skool net gedurende die eerste drie skooljare besoek het nie. Die meeste vorms het aangedui dat die skool minstens vyf jaar lank besoek is in die geval van primêre skole.

Die besoekbeurte van predikante en hulle sitting op skoolkomitees, skool- en beheerrade word uitgesluit omdat gegewens hieroor nie nodig geag word nie, soos hierbo aangetoon. Die vraag is dus of die kerk werklik belang gestel het in die alledaagse skoolbedrywighede of nie, en of die skool voldoende geleenthede vir die kerk gegee het om wel 'n wakende oog oor die Christelike opvoeding al dan nie te hou. Die besoeke tydens spesiale geleenthede soos die gereelde saalopening of afsluiting van die skooljaar, sowel as die medewerking in skoolkomitees ens., is nog nie voldoende kontak met die onderrig van die sekulêre vakke en buitebedrywighede nie.

Punt 7 Die Christelike voorbeeld en voorlewing van die onderwysers

Dit gaan hier om die indruk wat die onderwysers op die skoolkinders gemaak het. In die nastrewing van die Christelik-nasionale onderwysideaal van leiding en begeleiding na God toe is dit absoluut noodsaaklik dat die onderwyser self die regte pad moet bewandel. Indien hy dit nie doen nie, kan nie van die gewenste leiding en begeleiding gepraat word nie.

(b) Aan wie die vraelys voorgelê is

Die keuse het geval op studente wat byna hulle tweede en derde jare aan die onderwyskollege voltooi het, en wat gedurende hulle studies reeds deeglik kennis gemaak het met die Christelik-nasionale onderwysbeginsels. Die ondersoeker het vooraf vasgestel dat hierdie studente gedurende die lesings in die Historiese Opvoedkunde en die Filosofie van die Opvoeding (die benaming gebruik vir die Teoretiese Opvoedkunde) 'n goeie begrip van die Christelik-nasionale onderwysbeginsels gevorm het.[5)]

Reeds diensdoende onderwysers is nie betrek nie, omdat daar eerstens geen sekerheid bestaan of hulle opvattinge oor wat Christelik-nasionale onderwys is, ooreenstem met die beskrywing in hierdie werkstuk nie, en daar tweedens 'n sterk moontlikheid bestaan dat die onderwysers hulle eie werk as basis vir beoordeling kan gebruik, sodat die gegewens aldus ingesamel baie onbetroubaar kan wees. Die onderwyser kan baie maklik dink dat sy onderwys net mooi die ware Jakob is. Hy kan ook ôf partydig vir sy skool ôf juis vyandig wees, afhangende van sy eie gevoelens teenoor

---

5) Hierdie studente het by die skrywer hiervan lesings gekry. Gevolglik kon hy op grond van die antwoorde op gereelde toetsvrae en roetinevrae gedurende lesings vasstel dat die studente wel 'n goeie begrip van Christelik-nasionale onderwys in ooreenstemming met deel I van hierdie werkstuk gehad het.

sy werk en skool. Derdens is daar die gevaar dat veral die ouer onderwysers moontlik al in 'n groef verkeer en daarom dadelik skepties staan teen enige nuwigheid of verandering in die onderwys. Sommige van hierdie probleme kom ook by studente voor, maar dit was moontlik vir die toetsafnemer om hulle by te staan en te help om so objektief moontlik te oordeel.[6]) In die geval van onderwysers sou daar noodwendig van briefwisseling gebruik gemaak moes word sodat die hulp en leiding van die toetsafnemer daardeur aansienlik ingekort sou word.

Die ondersoeker was besonder geïnteresseerd in die antwoorde van daardie studente wat nie direk na hulle die skool verlaat het by die kollege ingeskryf het nie. Hoewel hulle getal nie groot was nie kon hulle belangrike gegewens verstrek oor die onderwys van tot twintig jaar gelede.[7])

(c) Beplanning van kontrole

Wanneer 'n vraelys ingevul word, bestaan daar altyd die moontlikheid dat die gegewens verstrek nie geldig of betroubaar sal wees nie. Die belangrikste redes hiervoor is dat die interpretasie van wat gevra is nie met die bedoelings van die vraesteller sal ooreenkom nie, en dat die persone wat die gegewens verstrek dit nie met die nodige erns sal doen nie. Dis nou eenmaal menslik om 'n vraelys as 'n oorlas of 'n saak van minder belang te beskou. Daarom was dit nodig by die beplanning om die volgende sake in gedagte te hou:

* Die bewoording van die vrae moes baie versigtig geformuleer word.
* Daar moes desondanks nog mondelinge verduidelikings bygevoeg word.
* Die persone wat gevra sou word om gegewens te verstrek, moes gemotiveer word.

Verder is daar in die geval van die onderhawige vraelys by die beplanning voorsien dat die studente moontlik 'n sagte plekkie vir hulle gewese skole kon hê en daarom moontlik ooroptimistiese antwoorde kon verstrek. Daarom was dit ook nodig om vooraf hieroor te besin en te bedink hoe om die studente oor te haal om so objektief moontlik te antwoord.

Om dan te kontroleer dat antwoorde so geldig en betroubaar as moontlik sal wees, is beplan om op die volgende wyse te werk te gaan:

* Ter motivering word vooraf gewys op die uiters belangrike rol

---

6) Op p. 253-254 word die verduidelikings wat aan studente gegee is, beskryf.

7) Na die ingevulde vorms ondersoek is, is gevind dat die gegewens deur hierdie studente verstrek, nie merkbaar van die ander verskil nie.

wat Christelik-nasionale onderwys in die onderwys en opvoeding van elke Christen speel. Daarna word meegedeel dat hierdie empiriese ondersoek bedoel is om vas te stel hoe Christelik-nasionaal die onderwys in Suid-Afrika werklik is. Die waarde van hierdie gegewens vir die toekomstige beleidsbepalings in verband met die nasionale onderwys en opvoeding word kortliks geskets. Ten slotte word die studente gevra of hulle be=reid is om saam te werk in hierdie belangrike saak. Diegene wat voel dat hulle liewers nie wil saamwerk nie, word gevra om geen vraelysvorms te neem nie, terwyl diegene wat daarvoor te vinde is meer as een vorm mag neem, bv. een vir 'n primêre en een vir 'n sekondêre skool. Elke vorm is vir net een skool se gegewens bedoel. Verder word gesê dat die stu=dente in ag moet neem dat sommige van hulle nie graag hulle ou skole in diskrediet wil bring nie. Hulle antwoorde sal dan rooskleuriger as die werklike toestand in daardie skole wees. Hulle moet òf daarteen waak òf liewer nie vorms invul nie. Gevolglik moet vooraf aangeneem word dat die finale resultate van die vraelys eerder aan die optimistiese kant sal wees, sodat die beeld wat oor die Christelik-nasionale element in die Suid-Afrikaanse onderwys gevorm gaan word, nie donkerder as die werk=like sal wees nie.

* Die studente word gevra om nie haastig te antwoord nie. Die toets=afnemer moet die punte een vir een verduidelik en eers na elke verduide=liking vra dat die gegewens vir net daardie een punt ingevul moet word. Die studente moet ook gevra word om nie te huiwer om vrae te stel oor enigiets waaroor daar onsekerheid bestaan nie.

* Die bewoording van die vraelys moet so goed moontlik ooreenstem met die woorde gebruik gedurende die lesings waarin die Christelik-nasionale onderwysbeginsels verduidelik is.

* Die vertroulikheid van die gegewens moet beklemtoon word. In die tabelle sal slegs totale aangegee word. Die student moet selfs nie sy naam op die vorm invul nie.

* Die studente moet gevra word om die toestande in daardie spesifieke skool in herinnering te roep soos hulle dit as skoliere opgemerk het. Hulle moet verder gevra word om nie om sentimentele redes sake wat nie Christelik-nasionaal was nie, te verdoesel nie. Verder moet hulle gevra word om in die geval van onsekerheid, of sake waarby hulle nie betrokke was nie, geen antwoord te verstrek nie. Dit kom daarop neer dat die ware toedrag van sake, soos deur die studente as skoliere opgemerk, in die antwoorde weerspieël moet word sonder om daar doekies om te draai.

Op grond van hierdie beplanning is die vraelys opgestel.

3. Die vraelys wat voorgelê is

Lees die bylae.[8])

4. Verdere verduidelikings by die invul van die vraelys

Die verduidelikings hierbo genoem, is vooraf gegee. Dié wat nou volg, is saam met die invul van die vorms gegee.

Punt 1 Moenie nalaat om in te vul in watter provinsie die skool geleë is nie. Dit is bekend dat baie min van u Engelsmediumskole besoek het. Hierdie ondersoek is nie bedoel om dié uit te sluit nie. Indien u wel 'n Engelsemediumskool besoek het, staan dit u vry om daarvoor 'n vorm in te vul. Moenie 'n skool wat u net 'n paar maande besoek het kies nie. Die minimum moet een jaar wees. Hoe langer die tydperk is, hoe beter.

Punt 2 Let daarop dat hierdie gegewens ook aandui of die skool 'n primêre of sekondêre is.

Punt 3 Dit het ongetwyfeld soms gebeur dat u in 'n besondere vak of buitebedrywigheid met meer as een onderwyser te doen gekry het. By punt 7 moet u die individuele onderwysers beoordeel. Probeer 'n beeld vorm van hoe sake in die algemeen by hierdie besondere skool verloop het. Dit beteken eintlik dat die beleid van daardie skool ten opsigte van elke besondere vak of buitebedrywigheid ondersoek word. In die geval van sportsoorte hoef u nie te vermeld watter soorte dit was nie. Moenie bekommerd wees oor vakke of buitebedrywighede wat nie in die vraelys genoem word nie. Dié wat wel ondersoek word is verteenwoordigend genoeg vir die doel van hierdie ondersoek.

Punt 4 Dink hier aan Republiek- en Geloftedagvierings, spesiale geleenthede soos die besoek van 'n kabinetslid aan die skool, ens. U sal goed onthou dat daar 'n hele program afgehandel is en dat daar feitlik sonder uitsondering een of meer toesprake gehou is waarin sake van nasionale belang aangeroer is. Kyk nou na die bewoording van die vraag. Die klem val op die eer van God. Maak nou u kruisie.

Punt 5 Dit mag gebeur het dat u nie op hoogte is met die kontak wat daar tussen u ouers en skool was nie. Ouers en onderwysers bespreek skoolsake dikwels as die kinders nie teenwoordig is nie. As u dan voel dat u te min weet van hierdie saak om 'n betroubare antwoord te verstrek, moet u hierdie punt liewer oorslaan.

Punt 6 U sal beslis kennis dra van besoeke van u leraar aan die skool. Indien hy net gedurende saalbyeenkomste die skool besoek het,



8) P. 275-276

of behalwe die saalbyeenkomste se bywoning ook nog sitting gehad het op die skoolkomitee of skool- of beheerraad, en geen verdere kontak met die skool gehad het nie, moet u nie huiwer om die kruisie by „Glad nie" te trek nie.

Punt 7 Dit is baie waarskynlik dat u met meer as vyf onderwysers/esse te doen gekry het in die betrokke skool. Verstrek antwoorde vir dié persone waarmee u die beste bekend is. Indien dit 'n klein skooltjie was, of as u met minder as vyf onderwysers/esse goed genoeg bekend is om betroubare gegewens te verstrek, moet u net vir soveel onderwysers/esse as waarmee u deeglik bekend is, kruisies trek. Moenie hulle name invul nie. Indien u werklik oortuig voel dat een of meer van hulle ateïste is, moet u nie huiwer om die kruisie(s) in die laaste blokkie te trek nie. Dit is baie belangrik dat 'n ondersoek soos hierdie ook die gevalle van ateïsme moet blootlê.

5. Gegewens ingesamel deur middel van die vraelys

Die vorms vir Engelsmediumskole was slegs drie in getal, sodat dit nie moontlik is om enige betroubare beeld van die onderwys in daardie skole te vorm nie.[9)]

Daar is 333 voltooide vorms vir Afrikaansmediumskole ontvang. Die studente het op sommige vrae geen antwoorde verstrek nie, soos versoek, omdat hulle gevrees het dat hulle antwoorde nie betroubaar genoeg sou wees nie, en omdat hulle by punt 3 sommige vakke nie geneem het nie of aan sommige buitebedrywighede nie deelgeneem het nie.

Punt 1 Skool en provinsie

Tabel 1 Verspreiding oor primêre en sekondêre skole

| | Primêr | Sekondêr | Totaal |
|---|---|---|---|
| Individuele skole | 100 | 83 | 183 |
| Voltooide vorms | 148 | 185 | 333 |

Daar is dan voldoende skole gedek om 'n betroubare beeld te vorm van hoe die Christelik-nasionale onderwysbeginsels sigbaar word.

Die aantal vorms toon dat in talle gevalle meer as een vorm vir 'n bepaalde skool ingevul is, veral in die geval van sekondêre skole. Nader ondersoek het aangetoon dat twaalf vorms vir een besondere sekondêre skool in gevul is, en in enkele ander gevalle van vyf tot tien vorms.

9) Op p. 267-270 word hierdie skole ondersoek deur ander bronne te gebruik.

'n Vergelyking van die vorms van 'n bepaalde skool het aangetoon dat daar wel verskille voorkom, maar nie van so 'n ernstige aard dat dit die ondersoek onbetroubaar en ongeldig maak nie. Waar op die een vorm 'n gunstiger verslag gelewer is as op 'n ander, was dit by 'n ander punt net omgekeerd. As die geheelbeeld van 'n skool in ag geneem word, was die verskille nie groot nie. Aangesien evaluering van sake van hierdie aard nie met matematiese presiesheid kan geskied nie, moet verskille noodwendig voorkom. Verder moet in ag geneem word dat alle studente wat vorms vir dieselfde skool ingevul het, nie altyd gelyktydig daardie skool besoek het nie, nie dieselfde vakkeuses gemaak het nie, dieselfde vak nie altyd by dieselfde onderwyser(s) gekry het nie en ook nie altyd aan dieselfde buitebedrywighede deelgeneem het nie. Dit verklaar dan die verskille in beoordeling.

Dis egter opmerklik dat die verskille tussen skole 'n baie groter omvang aangeneem het. Vir 'n sekere sekondêre skool is drie vorms ontvang. In aldrie gevalle is 'n besonder gunstige verslag gelewer. Hiervolgens geoordeel is hierdie skool baie na aan 'n volslae Christelik-nasionale skool. In die geval van 'n ander sekondêre skool lyk die prentjie besonder ongunstig. Daar is bv. drie vermeende ateïste tussen die vyf onderwysers by punt 7 genoem. As skoliere nou meen dat onderwysers ateïste is, moet dit 'n geval wees waar die leermeesters dit òf eksplisiet te kenne gegee het, òf implisiet tog die indruk geskep het dat ~~hulle~~ hulle die bestaan van 'n godheid ontken.

<u>Tabel 2 Verspreiding oor die provinsies en Suidwes-Afrika</u>

| Provinsie | Aantal skole |
|---|---|
| Transvaal | 154 |
| Oranje Vrystaat | 6 |
| Natal | 4 |
| Kaapland | 13 |
| Suidwes-Afrika | 6 |
| Totaal | 183 |

Die vorms vir die 29 skole buite Transvaal is baie noukeurig ondersoek. Die besonder gunstige verslae vir die sekondêre skool hierbo genoem, was vir 'n skool in die Oranje Vrystaat. Verder is daar geen noemenswaardige verskil tussen die skole in en buite Transvaal gevind nie. Dit lyk dan of die nastrewing van die Christelik-nasionale ideaal nie baie verskil van provinsie tot provinsie nie.

Punt 2 Verskillende klasse gedek deur die ondersoek

Tabel 3 Klasse en jare vir elke klas

| Klas | Aantal jare op vorms aangegee[10] |
|---|---|
| Graad i | 100 |
| Graad ii | 107 |
| St. I | 116 |
| St. II | 119 |
| St. III | 126 |
| St. IV | 128 |
| St. V | 131 |
| St. VI | 153 |
| St. VII | 157 |
| St. VIII | 172 |
| St. IX | 170 |
| St. X | 170 |
| Totaal | 1649 |

Die ondersoek dek dus 'n aansienlike aantal jare van skoolgaan. Dit is 'n gemiddeld van net minder as vyf jaar per vorm. Die aantal jare in die junior primêre klasse is die kleinste. Daarom kan aangeneem word dat die studente wel aansienlike tydperke deurgebring het in die skole waarvoor hulle vorms ingevul het, veral in die hoër klasse, sodat hulle oordeel nie ligtelik opsy geskuif kan word nie.

Punt 3 Verslag oor skoolvakke en buitebedrywighede

Tabel 4 Totale verspreiding ooreenkomstig die vyfpuntskaal

| Evaluering | Aantal kruisies |
|---|---|
| Altyd | 232 |
| Meesal | 436 |
| Dikwels | 754 |
| Selde | 807 |
| Nooit | 1447 |
| Totaal | 3676 |

Hierdie gegewens is veelseggend. Indien die integrasie van Bybelse en sekulêre leerinhoude as onderwysbeginsel algemeen aanvaar word, behoort die aantal kruisies onder „Altyd" beslis 'n meerderheid te hê oor al die ander evaluerings saam. Maar nou is hulle ver in die minderheid. Daar kan net een verklaring wees: In die daaglikse gebeure

10) Elke kruisie is vir een jaar getel.

in skole is 'n element wat as Christelik-nasionale onderwys beskryf kan word, maar vir so ver dit die integrasie van Bybelse en sekulêre leerin=houde betref, is dit in die ooglopend swak. Let veral daarop dat onder ,,Nooit" meer as een derde van die totale aantal kruisies getrek is.

Tabel 5 Evaluering van die afsonderlike skoolvakke en buitebedrywig=hede

| Vak of buitebedrywigheid | Altyd | Meesal | Dikwels | Selde | Nooit | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Afrikaans - - - - - - - - | 23 | 55 | 85 | 93 | 62 | 318 |
| Engels - - - - - - - - - | 11 | 30 | 58 | 92 | 124 | 315 |
| Rekenkunde/Wiskunde - - | 8 | 15 | 34 | 88 | 145 | 290 |
| Geskiedenis - - - - - - - | 29 | 42 | 95 | 62 | 49 | 277 |
| Aardrykskunde - - - - - - | 14 | 35 | 65 | 50 | 61 | 225 |
| Gesondheidsopvoeding - | 15 | 27 | 78 | 46 | 46 | 212 |
| Liggaamlike Opvoeding - | 4 | 23 | 27 | 61 | 166 | 281 |
| Kuns/Kunsvlyt - - - - - | 2 | 16 | 30 | 53 | 129 | 230 |
| Sang/Musiek - - - - - - - | 15 | 31 | 66 | 55 | 87 | 254 |
| Jeugbewegings - - - - - - | 67 | 62 | 49 | 17 | 17 | 212 |
| Volkspele - - - - - - - - | 14 | 18 | 35 | 22 | 58 | 147 |
| Ballet - - - - - - - - - - | 2 | 4 | 2 | 6 | 60 | 74 |
| Kunswedstryde - - - - - - | 7 | 21 | 41 | 37 | 67 | 173 |
| Skoolkonserte - - - - - - | 6 | 17 | 47 | 46 | 79 | 195 |
| Skaak - - - - - - - - - - | 0 | 4 | 3 | 5 | 55 | 67 |
| Sport - - - - - - - - - - | 15 | 36 | 39 | 74 | 242 | 406 |
| Totaal - - - - - - - - - | 232 | 436 | 754 | 807 | 1447 | 3676 |

Die gegewens verstrek dek 'n baie goeie verteenwoordiging van die skoolvakke en buitebedrywighede. Die betreklik lae syfers vir ballet en skaak toon duidelik aan dat daar min skoliere is wat hieraan deelneem. In=dien hierdie twee sake egter weggelaat is, sou dit 'n te groot ongevulde oop ruimte gelaat het, aangesien ballet en skaak eiesoortige bedrywig=hede is.

Ontleding van elke vak of buitebedrywigheid afsonderlik, toon die volgende:

* Die gegewens vir jeugbewegings vertoon die gunstigste vir Chris=telik-nasionale onderwys. Dit lyk dan of Voortrekkers beter vir die op=voeding as enige skoolvak is.

* By skaak is daar nie een kruisie onder ,,Altyd" getrek nie. By sport is daar darem 15 uit 'n totaal van 406.

* In net vyf uit die sestien gevalle is die syfer vir „Nooit" nie die hoogste nie.

* Afrikaans is die moedertaal van die studente.[11]) Die belangrikheid van die moedertaal in Christelik-nasionale opvattinge is reeds herhaaldelik bespreek. Die syfers is tabel 5 kan nie dien as bewys dat hierdie Christelik-nasionale onderwysbeginsel in die praktyk na wense uitgeleef word nie. Die getalle 23 en 55 by „Altyd" en „Meesal" resp. is veels te laag. Die verbondenheid van die moedertaal- en Bybelse inhoude is glad nie bevredigend nie.

* Volgens Christelik-nasionale onderwysbeginsels is dit nodig dat die tweede taal (in hierdie geval is dit Engels) met die nodige agting en liefde behandel moet word. Die ware liefde kan net in Bybelse sin tot volle ontplooiing kom. Die syfers in tabel 5 skilder egter 'n somber prentjie. By „Selde" en „Nooit" is meer as twee derdes van die kruisies getrek.

* Die syfers vir Rekenkunde/Wiskunde vertoon nog veel swakker, soos vanuit Christelik-nasionale oogpunt gesien. Dit lyk of onderwysers baie min verband tussen hierdie vakke en die Bybel kan sien.

* Die inhoud van die skoolvak Geskiedenis kan met groot gerief gebruik word om aanknopingspunte met die gewyde geskiedenis te vind. Dis nou 'n geval waar integrasie van Bybelse en sekulêre leerinhoude nie veel probleme behoort op te lewer nie. En tog is daar net ongeveer een tiende van die kruisies by „Altyd" getrek. „Dikwels" het wel 'n aansienlike syfer, maar dikwels is nie voldoende vir Christelik-nasionale onderwys nie.

* Die bodemperspektief is belangrik in Christelik-nasionale onderwys. Die skoolvak Aardrykskunde kan dus met groot gerief met die Bybelse leerinhoude geïntegreer word. Maar in die praktyk word dit gans te min gedoen, soos aangedui in tabel 5.

* Die liggaam as tempel van God geniet baie aandag in Christelik-nasionale onderwys. In die skoolvakke Gesondheidsopvoeding en Liggaamlike Opvoeding is daar oorvloedige geleentheid vir die integrasie met Bybelse leerinhoude. Die syfers in tabel 5 vertoon egter nie 'n mooi prentjie nie, veral in die geval van Liggaamlike Opvoeding. Die deelname aan sport raak ook hierdie saak. Die syfers hiervoor maak egter ook 'n baie swak indruk.

* In Christelik-nasionale onderwys word baie klem gelê op die ontwikkeling van die estetiese sin. Die skoolvakke Kuns/Kunsvlyt en

11) Die vorms vir Engelse skole is nie bygereken nie.

Sang/Musiek bied ruim geleentheid vir opvoedende aanwending, maar in praktyk kom daar min tereg hiervan. Die buitebedrywighede Volkspele, Ballet, Kunswedstryde en Skoolkonserte het ook baie met die estetiese ontwikkeling te doen, maar hier word baie min geleentheid vir optimisme vir die Christelik-nasionale opvoeder gevind.

* Hoewel Jeugbewegings die hoogste syfers vir „Altyd" en „Meesal" vertoon, is daar nog ruimte vir verbetering.

* Die swak indruk wat Ballet en Skaak maak, toon nogmaals dat daar nog baie werk vir die Christelik-nasionaalgesinde wag.

* Wanneer die syfers vir sportsoorte ondersoek word, word dit duidelik dat ignorering van Bybelse beginsels 'n baie algemene praktyk in die skool is wanneer dit by sport kom.

* In totaal geneem is dit duidelik dat integrasie van Bybelse en sekulêre leerinhoude in praktyk nie onbekend is nie maar nietemin gans te min voorkom om die onderwys as Christelik-nasionaal te bestempel. Dit is baie noukeuriger om slegs van 'n Christelik-nasionale element te praat wat egter van skool tot skool verskil.

Verder dien opgemerk te word dat daar baie gevalle was waar die studente geen kruisies getrek het nie by 'n skoolvak wat baie algemeen deur skoliere geneem word. Elke skolier neem bv. Afrikaans en Engels en byna almal neem Liggaamlike Opvoeding, en in geeneen van hierdie gevalle is daar 333 kruisies getrek nie. Dit beteken dat daar wel gevalle van onsekerheid was en dat die studente daarom geen antwoorde verstrek het nie, soos hulle versoek is.

Punt 4 Gebeurtenisse van nasionale belang

Tabel 6 Evaluering van gebeurtenisse van nasionale belang

| Strek net tot eer van God | Aantal kruisies |
|---|---|
| Altyd | 61 |
| Meesal | 119 |
| Dikwels | 84 |
| Selde | 29 |
| Nooit | 21 |
| Totaal | 314 |

Op slegs 19 vorms is hierdie punt oorgeslaan.

Die gegewens hierbo getabuleer vertoon 'n veel gunstiger beeld vir sover dit Christelik-nasionale onderwysbeginsels betref as in die gevalle van tabelle 4 en 5. Desnieteenstaande is die syfer vir „Altyd" slegs die

derdehoogste. Daar is dus ruimte vir verbetering.

Hierdie tabel lewer ook bewys vir die bewering dat die mens dikwels al die eer ontvang, asof hy uit homself in staat was tot die groot dade wat tydens volksfeeste in herinnering geroep word.

Verder toon hierdie tabel aan dat die eenheid van die Christelike en nasionale aspekte in baie gevalle nie gehandhaaf is nie. Die nasionale aspek was in al 314 gevalle teenwoordig, maar net in sommige gevalle is dit verbind met die Christelike.

Punt 5 Samewerking tussen huis en skool.

Tabel 7 Evaluering van samewerking tussen huis en skool

| | Aantal kruisies |
|---|---|
| Uitstekend -------- | 31 |
| Goed ----------- | 79 |
| Middelmatig ------- | 62 |
| Swak ----------- | 35 |
| Glad nie --------- | 66 |
| Totaal ---------- | 273 |

Die reaksie van die studente was bo verwagting goed vir sover dit hierdie punt betref. Dit skep die indruk dat die skoolkinders meer weet van hulle ouers en onderwysers se kontak met mekaar as wat die onderwysers vermoed.

Hierdie tabel vertoon gunstiger vir Christelik-nasionale onderwys as tabelle 4 en 5, maar hier is ook ruimte vir verbetering.

Verder lewer hierdie tabel bewys vir die bewering dat die wyse waarop die staat die onderwys beheer, aan baie ouers die geleentheid bied om hulle te onttrek aan skoolsake.[12)]

In totaal beskou lei dit tot die gevolgtrekking dat ouers heel dikwels die doopformulier verkeerd verstaan, of hulle geloftes voor die kansel afgelê ignoreer. Die woorde ,,te laat onderrig" beteken glad nie dat die ouer sy pligte, al is dit net gedeeltelik, op 'n instansie buite die huiskring mag afskuif nie. Die ouer is nog altyd die eerste en belangrikste persoon van wie God rekenskap kan eis vir die opvoeding van sy kind. As daar te min kontak tussen ouer en onderwyser is, weet die ouer nie wat presies met sy kind in die skool gebeur nie. Indien die onderwyser dan die kind van die wal in die sloot laat beland, wend die ouer geen

12) Lees p. 230 hierbo.

poging aan om dit te keer nie.

Punt 6 Samewerking tussen kerk en skool

Dit gaan hier om die belangstelling van die kerk in die onderrig van die skoolvakke en buitebedrywighede.

Tabel 8 Evaluering van samwerking tussen kerk en skool

| | Aantal kruisies |
|---|---|
| Uitstekend - - - - - - - | 40 |
| Goed - - - - - - - - - - - | 87 |
| Middelmatig - - - - - - | 61 |
| Swak - - - - - - - - - - - | 47 |
| Glad nie - - - - - - - - | 60 |
| Totaal - - - - - - - - - | 295 |

As hierdie syfers onder oë geneem word, kom die volgende vraag na vore: Waar is die dae toe die kerk die beheer oor die onderwys gehad het! Desnieteenstaande reflekteer die tabel die feit dat die kerk die skool nog nie vergeet of afgeskryf het nie. Verder dien opgemerk te word dat predikante in talle gevalle so baie verantwoordelikhede op hulle skouers dra dat die tyd vir groter samewerking met die skool ontbreek. Dit ge= beur ook dikwels dat die pastorie vir aansienlike tydperke leeg staan.

Daar kan nie op grond van tabel 8 beweer word dat predikante die samewerking met die skool nie as deel van hulle pastorale pligte beskou nie. As geroepenes van God stel hulle intens belang in alle menslike aktiwiteite. Die organisasie van Sondagskole en kategeseklasse lewer bewys van die kerk se pogings om op te voed.

Hier moet nogmaals verwys word na die bewering van 'n paar studente, naamlik dat die pastore van die Apostoliese Geloofsending nie genooi word om saalbyeenkomste te lei nie. Dit ontneem hulle egter nie die geleentheid om van hulle kant nader aan die skool te beweeg nie. Saal= byeenkomste en dienste as skoolkomitee-, skoolraads- of beheerraadslede is nie die enigste moontlike vorm van samewerking met die skool nie. Dit staan enige geestelike bv. vry om dienste aan te bied om mee te werk in die beplanning van die integrasie van Bybelse en sekulêre leerinhoude. Indien skole gedifferensieer word op grond van geloofsoortuiging, sal hierdie pastore beslis meer geleenthede kry om saalbyeenkomste te lei of om op rade te dien.

Die kerk lewer 'n bydrae tot Christelik-nasionale onderwys buite skoolverband in die vorms van prediking, huisbesoek en kerkraadsver=

gaderings. Hieroor is nie navraag gedoen nie omdat die ondersoek beperk was tot wat in die skool gebeur. Die uitwerking van prediking, ens., op die onderwysers, werk wel deur in die skoolwerk, en dít word wel deur die ondersoek nagevors.

Punt 7 Voorbeeld van die onderwyser

Hierdie saak geniet baie aandag vandat die student met sy onderwys=studies begin tot die dag wanneer hy as onderwyser die tuig neerlê. In deel I van hierdie werkstuk is by talle geleenthede verwys na hier=die belangrike Christelik-nasionale onderwysbeginsel. Daarom is op die vraelys voorsiening gemaak vir die evaluering van vyf onderwysers/esse.

Tabel 9 Evaluering van onderwysers se voorbeeld

| | Aantal kruisies |
|---|---|
| Vurig Christelik - - - - | 366 |
| Goed - - - - - - - - - - - | 646 |
| Lou - - - - - - - - - - - | 214 |
| Onverskillig - - - - - - - | 158 |
| Ateïsties - - - - - - - - | 20 |
| Totaal - - - - - - - - - - | 1404 |

Vir volsslae Christelik-nasionale onderwys behoort alle kruisies by ,,Vurig Christelik" te staan. Die getal 366 is egter slegs ongeveer een kwart van die totaal. Die evaluering ,,Goed" moet as bevredigend maar nog nie die ideale toestand nie beskou word. ,,Vurig Christelik" en ,,Goed" tel saam sowat 70% van die totaal. Dit vertoon baie beter as die resultate van tabelle 4 en 5. Dit lyk dus of die onderwysers se uitlewing van hulle Christelike oortuigings in die lesse nie na wense geskied nie. Dis waarskynlik so omdat hulle nie voldoende bekend is met die beginsel van integrasie van Bybelse en sekulêre leerinhoude nie. Onder die hoofde ,,Lou", ,,Onverskillig" en ,,Ateïsties" word meer as een kwart van die totaal gevind. Onderwysers aldus geëvalueer hoort beslis nie tuis in die Christelik-nasionale skool nie.

Die voorlewing van die onderwysers, waar hulle met die leerlinge in aanraking kom, is nie wat dit behoort te wees nie. As daar in aanmerking geneem word dat die kind hom graag identifiseer met ~~die voorbeeld van~~ die onderwyser, is die toestand soos weerspieël in tabel 9, beslis ver=ontrustend vir die Christelik-nasionaalgesinde. Hoe kan beweer word dat die onderwys 'n opsetlike, doelbewuste poging is om die kind na God toe te lei en begelei? Slegs ongeveer een kwart is vurig Christelik. As

beweer word dat die 646 wat as goed geëvalueer is, ook wel Christelik-nasionale onderwysers is, kan gevra word waarom hulle lig nie helderder skyn nie.

Die slotsom kan nie anders wees nie as dat daar van die onderwyserskorps se kant nog baie verandering nodig is voordat van volledige implementering van Christelik-nasionale onderwysbeginsels gepraat kan word.

## 6. Gevolgtrekkings

Die globale beeld wat deur die resultate van die vraelys geskilder is, is dan dat die onderwys, soos dit in die praktyk waargeneem word, 'n bonte mengsel van Christelik-nasionale onderwys en geen Christelik-nasionale onderwys is. Die gevalle ondersoek wissel van toestande waar feitlik niks meer nodig is nie tot waar feitlik nog niks gedoen is nie om Christelik-nasionale onderwysbeginsels te implementeer.

Die verskil tussen tabelle 4 en 5, waarin die onderrig in die skoolvakke en buitebedrywighede ondersoek is, en tabel 9, waarin die voorbeeld van die onderwysers aandag geniet het, noodsaak verdere nadenke. Tabel 9 skilder 'n baie gunstiger prentjie as tabelle 4 en 5. Dit beteken dan dat die onderwysers in hulle persoonlike voorbeeldstelling aanmerklik beter vertoon as in hulle skoolwerk. Waar die integrasie van Bybelse en sekulêre leerinhoude in tabelle 4 en 5 belig word, kan dan gesê word dat onderwysers nie so veel aan hierdie saak gedoen het nie as wat van hulle verwag kan word. Daarom is verder ondersoek ingestel na die oorsake van hierdie verskynsel.

Die sillabusse vir Opvoedkunde (Pedagogiek) vir onderwyskolleges, waar die meeste onderwysers opgelei word, is sorgvuldig nagegaan. Daar is bevind dat besondere aandag aan die lewensbeskoulike geskenk is. Daar kon egter geen punt gevind word wat dui op integrasie van Bybelse en sekulêre leerinhoude nie.[13]) Die diensdoende onderwysers is dus nie voldoende oor hierdie belangrike Christelik-nasionale onderwysbeginsel ingelig nie, tensy dosente op eie inisiatief hierdie beginsel waar gepas in die bestaande sillabusse ingewerk het.

Daar moet dan na 'n rede gesoek word vir die verskynsel dat onderwysers in baie gevalle wel van integrasie gebruik gemaak het. Na sorg=

13) Die studente wat die vraelys beantwoord het, was wel met hierdie beginsel bekend omdat hulle by skrywer hiervan lesings gekry het en hy besondere moeite gedoen het om hierdie beginsel te verduidelik.

vuldige oorweging lyk die volgende verklaring die aanneemlikste: Die roepingbewuste onderwyser het 'n aanvoeling vir die noodsaaklikheid van integrasie van Bybelse en sekulêre leerinhoude. Hy besef dat Christelik-nasionale onderwys nie tot die Godsdiensonderrigperiode beperk is nie. Hy beskou dit as vanselfsprekend dat die leerlinge God ook deur middel van die ander vakke en die buitebedrywighede moet leer ken.[14]

Die tabelle hierbo vertel egter ook dat hierdie integrasie glad nie die algemene reël is nie, en ook dat die voorbeeld van sommige onderwysers veel te wense oorlaat. Wat die verskillende kenmerke van Christeliknasionale onderwys betref, kan dan die volgende gesê word:

* <u>In verband met die grondbeelde vir Christelik-nasionale opvoeding</u>

Die Godsbeeld geniet wel die nodige aandag in die sillabus vir Godsdiensonderrig. Die nodige leerboeke vir die gebruik van leerlinge en die leiding van die onderwyser is ook beskikbaar. Soos hierbo aangetoon[15] was die antwoorde op mondelinge vrae oor hierdie saak sodanig dat dit as onnodig beskou is om in die vraelys daarvoor ruimte af te staan. Maar wanneer die sekulêre vakke en die buitebedrywighede aan die beurt kom, word die talle geleenthede om die Godsbeeld uit die skepping al beter te leer ken, nie na wense benut nie. Die atmosfeer van die Godsdiensonderrigperiode is nie ook die atmosfeer van die ander periodes nie.

Die skeppingsbeeld kan nie vermy word nie. Vakke soos Aardrykskunde, Biologie, Fisika en Chemie se studieterreine word almal uit die skepping geneem. Maar die resultate van die vraelys toon duidelik aan dat die Christelike siening van die skepping nie voldoende tot sy reg kom in die praktyk nie. By gebrek aan integrasie met Bybelse inhoude kan die onderwys nie anders as om in 'n naturalistiese rigting te beweeg nie. Die natuurverskynsels is daar en hulle word deur die kinders bestudeer, maar die verband tussen hulle en God word dikwels nie raakgesien nie. Aan die einde van die jaar moet die kind oor voldoende parate kennis beskik om in die eksamen te slaag, maar die beïnvloedingsmoontlikhede vir die verstewiging van die Christelike skeppingsbeeld word so dikwels

---

14) Gedurende besoeke aan skole vir die aanhoor van praktiese onderwyslesse het skrywer hiervan in besonder gelet op die werk van die diensdoende onderwysers. In talle gevalle is opgemerk dat hulle wel oorgegaan het tot integrasie. In een geval het 'n mooi natuurtoneel bv. die volgende opskrif gedra: Ons pragtige natuur, geskenk van God.

15) P. 247 hierbo

nie aangegryp nie. Die ondersoek van leerboeke in gebruik in skole[16]) het dan ook duidelik aangetoon dat die Christelike skeppingsbeeld maar min aandag geniet in hierdie werke. Dis weer die geval dat in Godsdiens=onderrig gepoog word om die skepping as handewerk van God voor te stel, maar wanneer die skepping vir verdere studie onder oë geneem word, word die hand van God baie dikwels nie raakgesien nie.

Met die mensbeeld gebeur dieselfde as met die skeppingsbeeld. Die talle leerboeke in gebruik in skole waarin die evolusionistiese siening van die mens aanvaar en verkondig word, is aan die begin van 1974 verder aangevul met 'n nuwe reeks geskiedenisboeke uit die pen van 'n bekende en leidinggewende Engelse onderwysman.[17]) Hierdie boekies is ook in Afrikaans beskikbaar. Dus, die Bybelse mensbeeld sowel as die evolusionistiese word langs mekaar verkondig. By die een geleentheid word die mens as beelddraer van God voorgestel, en by 'n ander as die afstammeling van 'n dier.

* <u>In verband met relasies in die opvoeding</u>

Relasies kan in die lewe van geen mens vermy word nie. Dis noodsaaklik dat die skoolkind hieroor ingelig moet word, al geskied dit op heel elementêre wyse. Die vertikale relasies kom egter slegs in die Godsdiens=onderrig tot hulle reg. Die driehoeksverhouding word nou wel selde by die naam genoem, maar die implikasies daarvan geniet baie aandag. Daar is bv. baie min kinders in Afrikaansmediumskole wat nie Ps. 23 as Bybel=verse leer nie.

Sodra die ander vakke en buitebedrywighede aan die beurt kom, ont=breek die integrasie met Bybelse inhoude so dikwels. Dan kan daar slegs aandag gegee word aan die bloot horisontale verhoudinge.

* <u>In verband met die doel en wese van die opvoeding</u>

Hierdie saak geniet baie aandag by onderwysersopleiding, te oordeel aan die sillabusse vir Opvoedkunde (Pedagogiek) en die talle opmerkings daaroor in die sillabusse vir die skoolvakke. Dit gaan dan so dikwels om die leiding en begeleiding tot volwassenheid, die opdoen van parate kennis, kultuurskepping, verkryging van insig, ontwikkeling van inisiatief, tegniese vaardigheid, ens. Maar die oorkoepelende doel van leiding en begeleiding na God toe word meer geïgnoreer as aanvaar, soos duidelik

---

16) Lees Du Plessis, S.J. Pragmatistiese tendense in Transvaalse laeronderwys, p. 119-125. 'n Latere ondersoek het tot dieselfde gevolgtrekkings gelei.

17) Boyce, A.N. Erfenis uit die verlede

uit die empiriese ondersoek[18]) blyk.

* <u>In verband met die noodsaaklikheid en waarde van opvoeding en onderwys</u>

Dit gaan hier meer oor die redes waarom opvoeding en onderwys noodsaaklik en wat die waarde daarvan is. Opvoeders en opvoedkundiges erken deurgaans dat opvoeding en onderwys noodsaaklik en waardevol is, maar hulle opvattinge verskil dikwels hemelsbreed.

Hier vertoon die praktyk dieselfde patroon as by die doel en wese. In die sillabusse vir skole en opleidingsinrigtings vir onderwysers word hierdie saak baie dikwels onder die aandag van die leermeesters en studente gebring. Vir kinders word ook baie dikwels gesê dat hulle so lank as moontlik op die skoolbanke moet sit, en indien moontlik, minstens tot hulle st. X geslaag het. Die empiriese ondersoek het egter getoon dat die noodsaaklikheid en waarde, soos vanuit Christelike standpunt gesien, baie dikwels nie in gedagte gehou word nie. Daar moet dan in so baie gevalle aangeneem word dat 'n bloot horisontale benadering aanvaar word.

* <u>In verband met die sin van die opvoeding</u>

Tabelle 4 en 5 toon ondubbelsinnig aan dat die sin van die opvoeding ook so dikwels nie in die Christelike lig beskou word nie. In so baie gevalle word nie gedink aan leiding en begeleiding na God toe nie, maar wel na iets anders op horisontale vlak.

* <u>In verband met die nasionale aspek van die opvoeding</u>

Tabel 6 en die bespreking daarvan het reeds voldoende aangetoon dat onderwysers hier ook baie dikwels nie verder as die horisontale vlak dink nie.

In totaal oorweeg is die slotsom dat die onderwys in Suid-Afrika wel 'n element van Christelik-nasionale onderwys bevat en dat sekere beginsels wel tot 'n mate geïmplementeer is, maar dat daar nog baie geleentheid vir verdere implementering is. Slegs in die geval van Godsdiensonderrig as skoolvak moet nog net 'n sillabus opgestel word waarin nie weggestram word van die suiwer Calvinistiese leer nie, en hoef daar verder niks meer gedoen te word in die Afrikaansmediumskole nie, op voorwaarde dat een of ander maatreël getref word om te verseker dat alle onderwysers 'n vurig Christelike gesindheid sal openbaar.[19]) In die ander

---

[18]) Punt 3 van die vraelys

[19]) Sodanige maatreël kan nie getref word sonder om vooraf meer ondersoek in te stel nie.

gevalle is die antwoorde verstrek op die vraelyste 'n vingerwysing dat 'n vurig Christelike voorbeeld nie waarborg dat alle Christelik-nasionale onderwysbeginsels in praktyk nagestreef word nie. Die waarskynlikste rede is 'n gebrek aan begrip van wat nou eintlik Christelik-nasionale onder=wys is, maar daar mag ook ander redes wees en dié moet nog nagevors word. Die onderwyser moet vurig Christelik wees en hy moet deeglik onderlê wees in die beginsels van Christelik-nasionale onderwys sowel as die praktiese implementering daarvan. Intuïtiewe aanvoeling kan die onderwys ver bring, maar dis nietemin nie voldoende nie.

## 7. Christelik-nasionale onderwys en die Engelsmediumskole

In koerantberigte is reeds dikwels vermeld dat Afrikaanssprekende onderwysers 'n aansienlike persentasie van die personeel van die Engels=mediumskole uitmaak. Die Engelstaliges in Suid-Afrika is bekommerd hier=oor, onder andere omdat hulle hierin 'n bedreiging vir hulle tradisionele wêreld- en lewensbeskouing sien. Hulle wil nie Christelik-nasionale on=derwys hê nie en vrees dat die Afrikaanssprekende onderwysers tog 'n invloed in dié rigting sal uitoefen. Hulle vrees is heel waarskynlik ook nie ongegrond nie, sodat in die Engelsmediumskole moontlik 'n Chris=telik-nasionale element aangetref sal word.[20)]

Die onderwysopvattinge van die Engelstaliges word nou van nader beskou aan die hand van aanhalings uit 'n Engelstalige koerant en die amptelike orgaan van die Transvaal Teachers Association.

> „Professor Harold Holmes, retiring rector of the Johannesburg College of Education this week proposed a strategy for English-speaking teachers designed to nullify the dangers inherent in the Government's policy of Christian National Education . . .
>
> 'The Act talks about education being broadly Christian and broadly National — it does not state that Christian National Edu=cation is the country's legal educational philosophy . . .'
>
> There was a difference in the educational outlook between the English-speaking and Afrikaans-speaking sections of the community. Christian National Education was suited to the Afrikaans outlook.
>
> He (Prof. Holmes) believes there are several ways in which

20) In die laaste hoofstuk van hierdie werkstuk sal aandag geskenk word aan die standpunte van andersdenkendes vir sover dit die implemen=tering van Christelik-nasionale onderwysbeginsels raak.

teachers can combat the threat presented by Christian National Education. These include: . . .

* Pressing for a broad religious philosophy and rejecting the narrow religious basis of Christian National Education; . . .

* Protecting the non-conformist tradition of English Education."[21])

Dis dan duidelik dat die Engelstaliges 'n ,,broadminded", liberale standpunt inneem. Dit kan nie met Christelik-nasionale onderwys gerym word nie, en is 'n bloot horisontale siening. Die hele koerantberig adem die humanistiese gees.

Hier moet bygevoeg word dat genoemde koerantberig sowel as talle ander wat nie hier aangehaal word nie, die indruk skep dat die Engelstaliges nie mooi weet wat Christelik-nasionale onderwys is nie. Sommiges weet dat daar 'n verband tussen Calvinisme en Christelik-nasionale onderwys bestaan vir sover dit die Christelike aspek betref, maar wanneer die nasionale aspek ter sprake kom, lyk dit of sommiges Christelik-nasionale onderwys beskou as 'n instrument om apartheid af te dwing. Sedert die onderwyswette in 1967 ter tafel gelê is, was daar baie mense in die parlement sowel as in ander leiersposisies, sommiges in die onderwys, wat Christelik-nasionale onderwys bloot as politieke vraagstuk beskou het. In baie gevalle het elke kritikus sy eie beeld van Christelik-nasionale onderwys vertoon.[22])

Hoe dit ook al sy, die tradisionele Engelse lewens- en wêreldbeskouing verskil aanmerklik van Christelik-nasionale beginsels en die Engelstaliges wil nie Christelik-nasionale onderwys hê nie, of hulle nou weet wat dit is of nie.

Die aanhalings hieronder het nou wel in hoofsaak met jeugweerbaarheid te doen, maar openbaar op besondere wyse wat die tradisioneel Engelse lewens- en wêreldbeskouing is:

---

21) The Sunday Times, 10 Des. 1972, p. 14

22) In 'n onderhoud met 'n Engelstalige L.P.R. wat besonder konserwatief en godsdienstig in sy opvattinge voorgekom het, het skrywer hiervan 'n hele aantal vrae oor C.N.O. gestel, maar sonder om die benaming C.N.O. te gebruik. Die L.P.R. het met baie beginsels saamgestem sonder om hulle met C.N.O. te verbind. Hy het net nie saamgestem met die reëling dat die huistaal bepaal na watter skool die kind moet gaan nie, en dit het hy as C.N.O. beskryf.

,,Many teachers would have rejected the syllabus (d.i. vir Jeugweerbaarheid) or even the concept of the whole study out of hand. Looming large in their minds was the dread word ,indoctri= nation', quite overlooking the fact that most of their professional time is given over to getting childrem to accept ideas that are not their own."[23])

Die vrees vir indoktrinasie herinner aan die vele geleenthede waar die Afrikaanssprekende onderwysers beskuldig is dat hulle die kinders indoktrineer, terwyl die beskuldigdes dit as beïnvloeding beskou het.

,,Some of the topics of the syllabus are emotionally and sentimentally charged —— more for some sections of the population than for others, and this too has caused concern. The TTA view on such matters has been that we must accept, and the Transvaal Edu= cation Department must accept, that there is not yet one view on many (controversial) topics; there must be freedom of interpretation, a playing down of some things and greater emphasis on others."[24])

Let veral op die woorde ,,freedom of interpretation", en die erkenning van verskille in standpunt. In die volgende aanhaling word dit nog sterker gestel:

,,It is time that people realise that the ideas, philosophy if you like, of the English-speaking community are not alien ideas; they may differ from, say, Christian National ideas, but they are not un-South African."[25])

In verband met Godsdiensonderrig word die volgende gesê:

,,But many teachers do not see moral (and religious) education as a specialist activity. They go with the school master who was asked by L.P. Jacks, 'Where in your time-table do you teach religion?'

'We teach it all day long,' he answered. 'We teach it in language, by learning to say what we mean. We teach it in history, by humanity. In geography, by breadth of mind. We teach it in handicraft, by thoroughness. In the playground, by fair-play. We teach it in kindness to animals, by courtesy to servants, by good manners to one onother, and by truthfulness in all things.'

---

[23]) Hoofartikel in ,,Transvaal Educational News", Vol LXIX, Nr. 2, Feb. 1972, p. 3

[24]) Ibid., p. 3-4

[25]) Ibid, p. 4

'Do you talk to them much about religion?' Jacks asked. 'No much,' he said, 'just enough to bring the thing to a point now and then.' Finally he added a remark that struck Jacks forcibly. 'I do not want religion brought into this school from outside. What we have of it we grow ourselves'".[26])

Dis opmerklik hoe die aanvoeling vir die integrasie van godsdienstige en sekulêre inhoude skynbaar deurskemer, totdat dit duidelik word dat die godsdienstige juis deur die sekulêre of humanistiese bepaal word. Dis weer eens die gedagte van vryheid van opvattinge, in eg liberalistiese woorde gestel.

Verder word in hierdie artikel aangehaal uit 'n lesing van Prof. Scriven van die Universiteit van Kalifornië waarin hy menings uitspreek wat in 'n groot mate ooreenstem met Christelik-nasionale opvattinge. Hy het onder andere gesê dat ,,moral education" nie net aan die kerk oorgelaat moet word nie. Net daarna word die volgende woorde van Prof. Paul Nash van die Universiteit van Boston aangehaal:

,,Scriven's paper has four characteristics that is unusual to find occurring together. It is first of all, incredibly naive; secondly it is either ruthlessly dishonest or terribly confused; thirdly it is arrogant and peevish in tone; and lastly it is remarkably parochial in substance."[27])

Dit laat dan geen twyfel oor wat die belyers van die Engels georiënteerde lewens- en wêreldbeskouing dink van Christelik-nasionale opvattinge nie. Hulle weerstand teen implementering van hierdie beginsels en pogings om wat reeds geïmplementeer is uit die onderwys te verwyder, kan dan begryp word.

## 8. Christelik-nasionale onderwys en nie-Christenleerlinge in skole vir blanke leerlinge

Die Joodse leerlinge in skole vir blanke leerlinge word as voorbeeld uitgesonder. Hulle probleem is dat hulle die Ou Testament aanvaar, maar nie as rigtingwyser na Christus nie. Vir hulle is Christus nie die vervulling van die wet en die profesieë nie, terwyl Josef, Moses, Gideon en andere nie as tipes van Christus beskou word nie. Verder het die Joodse kinders nog talle ander heilige boeke tuis, veral van die Talmoed, en

[26]) Ibid.

[27]) Ibid.

dié word nie in die skool aangetref nie. Gevolglik is die onderrig van die Ou Testament in beide Engelse en Afrikaanse skole nie in ooreenstemming met die tradisionele Joodse godsdiens nie, sodat Joodse kinders dan nie weet wat hulle moet doen gedurende die Godsdiensonderrigperiode wanneer die Ou Testament behandel word nie.

In praktyk gebeur soms die volgende:

> ,,Several Johannesburg Government high schools have a large scale walkout of pupils at religious instruction periods as a result of a campaign of rabbis and the South African Jewish Board of Deputies.
>
> They have made urgent appeals to Jewish parents through Jewish newspapers, organisations and synagogues to exercise their lawful right to keep their children out of the Christian Bible classes.
>
> Parents were told that Christian religious instruction in Government schools was in conflict with the basic religious convictions of Judaism."[28])

Die leerlinge wat nie Godsdiensonderrig bywoon nie, mag egter nie die skool tydelik verlaat of niks doen nie. Elke skool moet maar na die beste van sy vermoë reëlings tref vir hulle. En dan begin die Christenleerlinge ontevrede word:

> ,,They feel resentful that they have to sit through religious instruction (RI) while Jewish pupils are spending the time doing homework or working on projects.
>
> Some Christian parents, as a result, are also writing and asking for their children to be excused from RI.
>
> Principals are powerless to prevent them."[29])

Hierdie ,,Christian parents" se godsdiensgevoelens mag bevraagteken word, maar wat juis vir die Christelik-nasionaalgesinde onrusbarend is, is dat dit mense is wat nog deurgaan as Christene en wat heel waarskynlik die bearbeiding van die Godsdiensonderrigperiode die nodigste het. Nou kry hulle 'n al te gerieflike geleentheid om dié te ontduik. Die Joodse kinders besoek meesal die Engelse skole, maar op die platteland gebeur dit soms dat hulle wel Afrikaanse skole moet besoek omdat daar geen Engelse is nie. Aan die Engelse skole is ook baie Afrikaanse onderwysers. Daar kan aangeneem word dat ten minste sommige van hulle die geleentheid sal aangryp om hulle sendingopdrag uit te voer. Nou vermy die leerlinge wat dit die nodigste het die Godsdiensonderrigperiode.

---

[28]) Berig in ,,The Star", ,,Star Scene", 8 Feb. 1974, p. 1

[29]) Ibid.

Die genoemde koerantberig maak geen melding van die integrasie van Bybelse en sekulêre inhoude nie. Gestel nou dat onderwysers wel hierdie beginsel in hulle daaglikse werk toepas. Watter reaksie gaan dit dan van die kant van die Joodse gemeenskap uitlok? Neem in ag dat ouers nie geregtig is om skriftelik te versoek dat hulle kinders van enige ander vak as Godsdiensonderrig uitgesluit sal word nie.

So is dit dan baie duidelik dat Christelik-nasionale onderwys en Judaïsme nie met mekaar versoen kan word nie en dat hulle beginsels nie saam in een skool geïmplementeer kan word nie.

Die genoemde berig sluit af met die volgende opmerkings:

> „A few Government schools have adopted an enlightened scheme of presenting facets of various religions, including Judaism, during the RI period.
>
> The view of these schools is that 'It's desirable that pupils should learn something about religions other than their own as long as there is no attempt to convert or proseletyse them.'"[30])

In so 'n geval kan hoogstens van Algemene Godsdienskunde gepraat word, maar beslis nie van Christelik-nasionale onderwys nie. En watter „other religions than their own" moet ingesluit word? Die berig noem niks meer as Judaïsme nie. Waar onderwysers reeds by talle geleenthede hulle stemme verhef het teen die swaargelaaide leergange, spreek dit vanself dat hierdie leergange òf nog baie swaarder gelaai sal word òf dat baie Christelike leerinhoude verwyder sal moet word om plek te maak vir dié van ander godsdienste.

Dit kan nie ontken word dat 'n vergelyking tussen Christelike en ander godsdienste baie leersaam kan wees nie. Vir die Christelik-nasionale onderwyser is dit eintlik onvermydelik om ter geleënertyd die Calvinisme met Rooms-Katolisisme of Judaïsme te vergelyk, al verbied die wet dit. Maar 'n intensiewe studie van Mohammedanisme, Hindoeïsme, Shintoïsme en nog talle ander is net te veel gevra gedurende die skooltydperk van die kind se lewe.

Hoe kom die Christelik-nasionale onderwyser by sy sendingopdrag verby as hy nie probeer bekeer nie, soos in die koerantberig vermeld?

## 9. Slotsom

Die gebrek aan differensiasie in die skool op grond van geloofsoortuiging het verreikende gevolge:

30) Ibid.

* Dit was nodig om wetgewing ter voorkoming van godsdienswrywing deur te voer.

* Desnieteenstaande het daar nog gevalle van godsdienswrywing voor= gekom.

* Die tradisionele Christelik-nasionale onderwysbeginsels moes in 'n mate deur wetgewing teengewerk word. Die tradisionele Engelse onder= wysbeginsels kon ook nie in praktyk volledig toegepas word nie. Gevolg= lik is die huidige toestand nie bevredigend soos vanuit beide Christelik-nasionale en Engelse oogpunt beskou nie.

* Ten spyte van die genoemde wetgewing kom daar selfs in amptelike stukke, bv. die sillabusse vir Godsdiensonderrig, sake voor wat aanleiding tot godsdienswrywing kan gee. Indien die Bybelse gebeure nie soms soos wolf en jakkalsstorietjies aangebied word nie, is dit onmoontlik om te vermy dat op andersdenkendes se tone getrap sal word. In die geval van Joodse kinders moet die Nuwe Testament uitgesluit word. Hierdie handelwyse kan egter glad nie met Christelik-nasionale onderwys gerym word nie.

* Die troue aanhangers van Christelik-nasionale onderwys is geregtig op opvoeding in die skool wat volledig Christelik-nasionaal is. Die aan= hangers van die Engelse onderwys maak ook aanspraak op eerbiediging van hulle opvattinge. Albei denkrigtings se aanhangers doen moeite om hulle sake te bevorder. Van Christelik-nasionale kant is die wetgewing van 1967 deurgevoer en van die ander kant is alles moontlik gedoen om die imple= mentering van Christelik-nasionale onderwysbeginsels te verhinder en 'n volledige Engelse onderwys in te voer vir ten minste die Engels georiën= teerde deel van die bevolking.

* Die empiriese ondersoek het aangetoon dat talle skole, onderwysers en ouers nie veel omgee vir Christelik-nasionale onderwys nie. Daar is selfs vermeende ateïste te vinde. Hulle vorm 'n derde „magsblok".

* Die godsdienstige denominasies buite die drie susterskerke laat ook hulle stemme hoor. By hulle gaan dit om die eerbiediging van hulle opvattinge en die groei van hulle godsdienstige groepe. Hier is dan 'n vierde „magsblok".

* Die Joodse gemeenskap is 'n unieke groep wat op hul eie 'n vyfde „magsblok" gevorm het.

* Die Rooms-Katolieke vorm nog 'n unieke groep of te wel 'n sesde „magsblok".

* Die posisies van Duits-, Grieks-, Nederlands- en Franssprekendes,

as ook nog talle ander kleiner groepies van verskillende nasionaliteite, is nie ondersoek nie, maar daar kan aangeneem word dat hulle geloofs- en nasionale opvattinge nie altyd onder die huidige bedeling na wense erken word nie.

* Die beoogde nasionale eenheid wat veral deur die Smutswet as onder=wysbeginsel vasgestel is, is nie deur die konglomerasie van inwoners, onder andere deur hulle kinders in dieselfde skool op te neem, bereik nie. Trouens, die radikale verskille tussen Christelik-nasionale en Engelse onderwys maak 'n versoening tussen hierdie twee tradisionele vorms 'n onmoontlikheid. Indien van Christelik-nasionale kant toegegee word, sal daar geen ware Christelik-nasionale onderwys oorbly nie, en indien die Engelse onderwys moet toegee, sal minstens van sommige grond=liggende opvattinge afgesien moet word, en dan sal dit wat oorbly, nie meer bevredigende Engelse onderwys wees nie.

* Die pogings tot versoening of die bereiking van 'n kompromis, met die doel om 'n volkseenheid uit die kosmopolitiese bevolking op te bou, het nog nie veel welslae gehad nie, soos uit die huidige ondersoek blyk. Daar kan geen teken gevind word dat aanhangers van die suiwer Christe=lik-nasionale lewensopvatting in 1974 nader aan diegene staan wat die suiwer Engelse lewensuitkyk het as in 1910 nie. Die ondersoek hierbo[31]) toon egter duidelik aan dat baie onderwysers en ouers, sowel as die skoolgebeure, nie die suiwer Christelik-nasionale rigting volg nie, maar neig na die Engelse opvattinge. Hierdie rigting is nog vis nog vlees, nog Christelik-nasionaal nog tradisioneel Engels. Vanuit Christelik-nasionale standpunt geoordeel kan dit nie goedgekeur word nie.

---

[31]) P. 254-263 hierbo

BYLAE BY HOOFSTUK XVI

QUESTIONNAIRE INSAKE CHRISTELIK-NASIONALE ONDERWYS

1. Naam van skool: ______________________________

Provinsie waarin skool geleë is: ______________________

MAAK VERDER NET KRUISIES. SLAAN OOR WAT NIE OP U VAN TOEPASSING IS NIE.

2. Ek was in die volgende klasse in hierdie skool:

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Graad I | | St. II | | St. V | | St. VIII | |
| Graad II | | St. III | | St. VI | | St. IX | |
| St. I | | St. IV | | St. VII | | St. X | |

3. Het die groot Bybelse beginsels sigbaar geword, en is hulle toegepas in die onderstaande skoolvakke en buitebedrywighede? (M.a.w. is in die onderrig van hierdie vakke en buitebedrywighede 'n doelbewuste poging aangewend om u nader aan God te bring?)

| | Altyd | Meesal | Dikwels | Selde | Nooit |
|---|---|---|---|---|---|
| Afrikaans | | | | | |
| Engels | | | | | |
| Rekenkunde/Wiskunde | | | | | |
| Geskiedenis | | | | | |
| Aardrykskunde | | | | | |
| Gesondheidsopvoeding | | | | | |
| Liggaamlike Opvoeding | | | | | |
| Kuns/Kunsvlyt | | | | | |
| Sang/Musiek | | | | | |
| Jeugbewegings | | | | | |
| Volkspele | | | | | |
| Ballet | | | | | |
| Kunswedstryde | | | | | |
| Skoolkonserte | | | | | |
| Skaak | | | | | |
| Twee sportsoorte 1. | | | | | |
| 2. | | | | | |

4. Is volksfeeste en ander sake van nasionale belang beskou as dinge wat net tot eer van God strek?

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Altyd | Meesal | Dikwels | Selde | Nooit |

5. Was daar enige samewerking tussen u ouers en hierdie skool vir sover dit die Christelike opvoeding betref?

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Uitstekend | Goed | Middelmatig | Swak | Glad nie |

6. Was daar enige samewerking tussen u kerk en hierdie skool behalwe die enkele besoeke van u leraar tydens saalopening en moontlike sitting van u leraar op die skoolkomitee, skool- of beheerraad?

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Uitstekend | Goed | Middelmatig | Swak | Glad nie |

7. Het die onderwysers/esse 'n Christelike voorbeeld aan die leerlinge gestel?

| | Vurig Christelik | Goed | Lou | Onverskillig | Ateïsties |
|---|---|---|---|---|---|
| 1e Onderwyser/es | | | | | |
| 2e Onderwyser/es | | | | | |
| 3e Onderwyser/es | | | | | |
| 4e Onderwyser/es | | | | | |
| 5e Onderwyser/es | | | | | |